

28 Januarie

Lukas 5:1-11, (Teks: 5:5)

Wees gehoorsaam ondanks die "feite"

Dink u partykeer dat u werk vir die Here in die kerk en in die samelewing nutteloos is?

Wie luister tog nog na die gelowige se stem?

Voel ons nie soms ook maar soos Petrus en sy druipnat medevissers nie? Hulle het die hele nag visnette op die see van Galilea uitgegooi, maar kon niks vir hulle moeite wys nie.

Tog kom Jesus by hulle en sê hulle moet diep water toe gaan en weer die nette laat sak. Maak dit sin? Die vis beweeg normaalweg in die nag en nou moet hulle in die dag gaan probeer!

Ons mag dink ons poginkies om vir die Here iets te doen is niks werd nie. Die Here beveel ons egter om gehoorsaam te wees en op Hom te vertrou. Hy weet van geleenthede waar ons net probleme raaksien. Die Here sien die kanse wat u en ek soms in sy diens misloop omdat ons nie op Hom vertrou nie.

Petrus kon baie verskonings aanbied na hulle naglange gespook sonder sukses. Hy voeg egter by: "...maar op u woord sal ek die nette uitgooi," en daar gebeur die wonder!

Omdat hulle gehoorsaam was, kom die dissipels terug met twee skuite wat byna sink van die vol vrag vis. Petrus het vertrou ondanks sy eie beperkte begrip van God se plan, en dan toon die Here sy wonderkrag. By die aanskoue daarvan besef Petrus hoe onwaardig hy is.

Aanvaar die Here se almag en maak staat op sy teenwoordigheid as hy u in die wêreld instuur met sy opdrag. Ondanks teëslae stuur die Here ons na die mense toe as sy getuies. Wees aan dié opdrag gehoorsaam.

Vertrou, en kyk dan hoe die Here in sy almag wonders laat gebeur.

Ds. K.A.J. van Rensburg (Kaapstad)